VIERDE KWARTAAL REEKS 2023
WEEK 3: Moenie onkant betrap word nie! (Gemeenskap)

Open julle byeenkoms met gebed. Fokus vir 'n oomblik op julle asemhaling as groep; wanneer julle inasem, fokus op die teenwoordigheid van God en wanneer julle uitasem, fokus op dít waarvan jy ontslae wil raak (bekommernis, angs, sonde ens.).

Moontlike inleidende vrae:

- Ons jaartema vir 2023 is – ***Kom tot rus en leef met oorgawe***. Ons het die afgelope drie weke gefokus op die 'oorgawe' gedeelte van ons tema. Wat het jy gehoor, geleer of ontvang tydens ons 'Oorgawe Dinamika' reeks?
- Kan jy aan iemand dink vir wie gemeenskap en/of gasvryheid baie belangrik is? Waarom sê jy so?

Hoe verstaan jy, of sou jy gasvryheid verduidelik? (Herderleier: Let op dat gasvryheid in die Bybel hoofsaaklik gaan oor dié wat nié gewoonlik in ons binnekring is nie.)

Lees 1 Petrus 4:7-11

- Wat laat die Heilige Gees jou nou uit hierdie teksgedeelte hoor?
- Watter deel van die teks weeg nou vir jou die swaarste?
- Hoekom dink jy dra dit vir jou soveel gewig?

Lees weer vers 8 en 9. Watter prentjie van Christelike gemeenskap kom by jou op na aanleiding van hierdie verse? Hoe lyk gemeenskap vir jou?
Hoe verstaan jy die woorde: "...die liefde bedek baie sondes."?

Vers 7 herinner ons dat ons nugter en selfbeheers moet wees, sodat ons kan bid, want die einde van alles is naby. Hoe dink jy lyk die lewe van iemand wat nugter en selfbeheers is?

Lees vir jou groep die woorde van Eugene Peterson voor uit "Christ plays in ten thousand places" wat handel oor gemeenskap:
"I didn't come to the conclusion easily, but finally there was no getting around it: there can be no maturity in the spiritual life, no obedience in following Jesus, no wholeness in the Christian life apart from an immersion and embrace of community. I am not myself by myself. Community, not the highly vaunted individualism of our culture, is the setting in which Christ is at play."

Gesels vir 'n oomblik oor die kultuur van indiwidualisme waarbinne ons leef. Watter tipe mens skep so 'n kultuur, en watter gevaar hou dit vir ons as gemeenskap in, dink jy?

Hoe lyk iemand se lewe wanneer hulle hulself oorgee in Christelike gemeenskap? Wat is vir hulle prioriteit?

Samevatting:
Wat dink jy wil God vir jou uit 1 Petrus 4:7-11 oor ***...leef met oorgawe*** sê?
Wat dink jy wil God hê moet jy nou met oorgawe doen?

Gee geleentheid vir gebedsversoeke en sluit met gebed in die groep af.